



The miracles of science™

STEWARD®

Reg. No. L6332 Act No. 36 of 1947

Reg. Nr. L6332 Wet Nr. 36 van 1947

A water dispersible granule stomach and contact insecticide for the control of various insect pests on a variety of crops as listed.

'n Water dispergeerbare korrel maag en kontak insekdoder vir die beheer van verskeie plae op verskillende gewasse soos aangetoon.

INSECTICIDE GROUP CODE 22 INSEKDODER GROEP KODE

ACTIVE INGREDIENT

Indoxacarb (Oxadiazine)

300 g/kg

AKTIEWE BESTANDDEEL

Indoksakarb (Oksadiazien)

Net Mass

250 g

Netto Massa

REGISTERED BY / GEREGISTREER DEUR:

DUPONT DE NEMOURS SOUTH AFRICA
(PTY) LTD
Co. Reg. No. 2009/014079/07
P. O. BOX / POSBUS 3332
HALFWAY HOUSE, 1685
Tel: 011 218 8600

24 Hour/Uur Emergency
Number/Noodnommer:
083 123 3911

BATCH NUMBER
DATE MANUFACTURED

LOTNOMMER
DATUM VERVAARDIG

UN No. / VN Nr.: 3077



CAUTION
VERSIGTIG



Copyright © 2011 DuPont. All rights reserved. The DuPont Oval Logo, DuPont™, The miracles of science™ and STEWARD®, CAPITAN®, PUNCH®, TANOS®, CURZATE® and Trend® are registered trademarks or trademarks of DuPont or its affiliates.

WAARSKUWINGS

- ONTHOUDINGS PERIODE: Die volgende minimum aantal dae (onthoudings periode) moet verloop tussen laaste toediening en oes:

Appels	28
Bloubessies, Frambose	42
Koolgewasse (kool, blomkool, spruitkool ("broccoli") en brusselse spruite)	3
Pampoengewasse (pampoene, skorsies, waatlemoene, spanspekke, "baby marrows", "patty pans", komkommers)	3
Druive (tafel)	14
Druive (wyn)	28
Groenbone	3
Pere	28
Pruime	56
Erte	7
Tabak	42
Tamaties	1
Perskes (insluitende nectarines)	28
Aartappels (wanneer met abamectin gebruik)	14
- Moet nie behandelde gewasse beweï of as voer gebruik nie.
- Hanteer versigtig.
- Skadelik deur kontak of indien ingesluk of ingeasem word.
- Hierdie produk is giftig vir vis en ander waterdiere.
- Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.
- Bêre in 'n koel plek weg van voedsel en voer.
- Die gebruik van hierdie produk anders as op die etiket aangedui kan aanleiding gee tot hoë residu's of ander ongewenste resultate.
- HERBETREDING: Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- LUGTOEDIENING: Stel alle inwoners in die onmiddellike omgewing van al die lande wat bespuit word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moet nie oor wateroppervlakke spuit nie en tref voorsorg dat die spuitnewel nie water of aangrensende gebiede besoedel nie.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie, aangesien die werking en effek daarvan beïnvloed kan word deur faktore soos abnormale klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater; verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui is nie en die voorkoms van weerstand van die plaag teen die betrokke middel sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, en omgewing of vir nadelige effek op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van 'n gebrek om die etiket instruksies na te volg of die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMAATREËLS

- Moet nie spuitnewel inasem nie.
- Alle persone in direkte kontak met die insekdoder moet beskermende klere dra (oorpak, gesigskerm, rubberstewels, handskoene).
- Was besoedelde klere daagliks na werk.
- Vermý kontak met oë, vel en klere.
- Was met baie seep en water onmiddellik na toevallige velkontak.
- Trek klere en skoene onmiddellik uit indien dit gekontamineer word.
- In geval van oogkontak spoel onmiddellik met baie water.
- Indien ingeneem word ontbied 'n geneesheer of kontak 'n vergiftigings sentrum. Drink 1 tot 2 glase water. Moet nie braking induseer sonder mediese advies nie.
- Moet nie eet, drink of rook tydens toediening of vermenging of voordat hande en gesig nie gewas is nie.
- Voorkom besoedeling van voedsel, voer, eetgerei en drinkwater.

- MOET NIE DIREK TOEDIEN OP OF TOELAAT DAT SPUITNEWEL ANDER GEWASSE, WEIDING, RIVIERE, DAMME OF GEBIEDE NIE ONDER BEHANDELING BESOEDEL NIE.
- Maak toediener skoon na gebruik en raak ontslae van waswater waar dit nie weiding, gewasse, voedsel of water kan besoedel nie.
- Spoel leë houer driekeer as volg uit: Keer leë houer om oor die meng- of spuittenk en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat vloei tot 'n drup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 10% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk voordat die houer vernietig word.
- Moenie leë houer vir enige ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING

STEWARD[®] is 'n groepkode 22 insekdoder. Enige populasie van 'n spesifieke insek mag individueel insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **STEWARD**[®], of enige ander groepkode 22 insekdoder het. Indien hierdie insekdoders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die insek populasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende insekte sal waarskynlik nie deur **STEWARD**[®] of enige ander groepkode 22 insekdoder beheer word nie.

Om weerstand teen insekdoders te vertraag:

- Vermy die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van insekdoders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende insekdodergroepcodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in insekdoder programme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Sommige insekte (*Helicoverpa armigera*, *Chrysodeixis acuta*, *Plutella xylostella* en *Phthorimaea operculella*) is in staat om weerstand teen kommersieel beskikbare produkte te ontwikkel. Indien weerstand ontwikkel, faal aanbevole toedieningshoeveelhede daarin om plaag populasies onder die ekonomiese drumpelwaardes te bring. Die aanvang van bestandheid kan nie voorspel word nie en lokale adviseurs moet geraadpleeg word vir aanbevelings teen bestandheid. As gevolg van sy unieke wyse van werking is **STEWARD**[®] geskik vir toediening waar weerstandsbestuur belangrik is. Terwyl daar nie tekens van bestandheid teen Indoksakarb is nie, sal die volgende riglyne die lewensduur van die produk verleng:

1. Waar toepaslik, wissel **STEWARD**[®] af met produkte uit ander chemiese klasse (karbamaat, piretroïed, organofosfaat of IGR). Ons stel afwisseling met geregistreerde produkte uit hierdie klasse voor en om nie die maksimum aantal toedienings per seisoen met **STEWARD**[®] soos onder **GEBRUIKSAANWYSINGS** op hierdie etiket te oorskry nie.
2. Monitor insek populasies en dien **STEWARD**[®] toe volgens die aanbevelings op hierdie etiket wanneer lokale insekpopulasies ekonomiese drumpel waardes bereik het. Meer as een toediening mag nodig wees vir elke infestasië. In sekere gewasse moet **STEWARD**[®] voorkomend toegedien word.
3. Volg die etiket aanwysings presies na vir toedieningshoeveelhede en spuit intervalle en die optimum tyd om **STEWARD**[®] toe te dien.
4. **STEWARD**[®] respekteer voordelige insekte en myte wat oorbly na toediening. Hierdie voordelige insekte kan help om her-infestasië te beheer/verminder. Oorlewende voordelige spesies kan 'n addisionele druk op die plaag populasie plaas en derhalwe help om bestandheidspotensiaal te verminder.

ALGEMENE INLIGTING

STEWARD[®] het 'n unieke werkwyse; Die produk blokkeer natrium ioon indringing in senuweeselle, met die gevolglike verlamming en dood van die insek. Dood van die insek vind binne 1 tot 2 dae plaas, maar inhibisie van voeding vind baie vinnig (binne 2 tot 8 ure) plaas.

STEWARD[®] is aktief as 'n larfdoder deur inname (maag-aksie) en deur kutikulêre absorpsie (kontak-aksie). **STEWARD[®]** dood larwes in alle stadiums van ontwikkeling.

STEWARD[®] is in wese 'n lepidoptera spesifieke insekmiddel en is veilig vir die meeste voordelige insekte, insluitende roofmyte.

STEWARD[®] is ook effektief in warm klimaatstoestande.

BYE: Indien **STEWARD[®]** teen aanbevole dosisse onder normale veldtoestande toegedien word, sal dit geen betekenisvolle effek op heuningbye hê nie. Dit word aanbeveel om **STEWARD[®]** nie direk op werkende bye te spuit nie. Sodra spuitneerslag droog is, kan bye toegelaat word om op bespuite areas te werk.

REËNASTE EIENSKAPPE: **STEWARD[®]** sal, nadat die spuitmengsel op die teikengebied droog geword het, nie deur reën of besproëing afgewas word nie en sulke toestande behoort dus geen invloed op die normale nawerking van die produk te hê nie.

LUGTOEDIENING

STEWARD[®] kan slegs deur 'n geregistreerde Lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS Kode 10118 (Aerial Application of Agricultural Pesticides) uit die lug bespuit word. Verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word, en die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is daarom belangrik om aan die volgende vereistes te voldoen:

- Volume: 'n Spuitmengsel volume van 30 l per ha word aanbeveel. Hierdie produk is nie teen 'n verlaagde volume getoets nie. Die registrasiehouer kan nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effekte indien hierdie produk teen 'n laer volume, as hierbo aanbeveel, toegedien word nie.
- Druppel bedekking: 30 tot 40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- Druppelgrootte: 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 250 tot 280 mikrons word aanbeveel. Beperk die produksie van druppels kleiner as 150 mikrons (hoë drywing en verdampingspotensiaal) tot 'n minimum.
- Vlieghoogte: Handhaaf die hoogte van die spuitbalk bo die teiken op 3 tot 4 meter. Moet nie spuit wanneer die vliegtuig duik nie, uitklim of draai nie.
- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar die minste verlies van produk verseker. Die spuitstelsel moet 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike Relatiewe Span produseer.
- Plaas al die atomiseerders in die binnste 60 tot 75% van die vlerkspan om te verhoed dat druppels binne-in die vlerkpuntvorteks beweeg.
- Die verskil in temperatuur tussen die nat- en droëboltermometer van 'n swaaihigrometer, moet nie 8°C oorskry nie.
- Stop bespuiting indien die windspoed 15 km/h oorskry.
- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit) en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang en moontlik verdamp (onvoldoende bedekking op teiken)
 - skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area
- Verseker dat die Lugbespuitingsoperateur presies weet watter lande bespuit moet word.
- Dit is noodsaaklik om 'n versekering van die Lugbespuitingsoperateur te verkry dat aan al die bogenoemde vereistes voldoen sal word en dat data van belang in 'n logboek saamgevat is vir toekomstige verwysing.

VERENIGBAARHEID: Die verenigbaarheid van **STEWARD®** is nog nie ten volle ondersoek nie. **STEWARD®** is verenigbaar met die byvoegmiddel, H&R Crop Oil (Reg. Nr. L6802 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in aartapples soos op hierdie etiket aangedui, die swamdoders, Capitan® (Reg. Nr. L6062 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in droë bone, mielies en aartappels, Punch® C (Reg. Nr. L3626 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in droë bone, mielies, erte en aartappels, Tanos® (Reg. Nr. L6564 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in aartappels en tamaties, Curzate® Pro (Reg. Nr. L5698 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in aartappels en tamaties, die insek-/mytdoders, Dichlorvos (Reg. Nr. L4640 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in bone, koolgewasse en tamaties, Nogos (Reg. Nr. L5408 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in bone, koolgewasse en tamaties, Agrimec (Reg. Nr. L3209 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in aartappels, Vilmectin 18 EC (Reg. Nr. L7979 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in aartappels, Unimectin (Reg. Nr. L7978 Wet Nr. 36 van 1947) slegs in aartappels en die nie-ioniese byvoegmiddel, Trend® 90 (Reg. No. L8207 Act No. 36 of 1947) slegs soos aangedui op hierdie etiket. Vir verdere inligting oor verenigbaarheid kontak u naaste DuPont verteenwoordiger.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>APPELS EN PERE: Afrika (Amerikaanse) bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>15g/100l water</p>	<p>Looftoediening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting op die loof van die gewas toe. Dien voorkomend toe of wanneer eiers of larwes teenwoordig is, maar voordat larwes vrugte penetreer. Opvolgtoedienings 10 tot 14 dae later mag nodig wees in geval van herinfestasië. • Verseker deeglike bedekking. • Moet nie 4 toedienings per seisoen oorskry nie insluitende die wat gemaak is teen Kodlingmot (sien hieronder). • Veiligheid teen bye: STEWARD® is veilig vir bye, maar moet nie direk op bye wat besig is om te voed, spuit nie. • Laat 28 dae toe tussen laaste toediening en oes. • Nota: Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limiete vereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.
<p>Kodlingmot (larwes) <i>Cydia pomonella</i></p>	<p>25g/100l water</p>	<p>Looftoediening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien toe as 'n volle dekbespuiting. Verseker deeglike bedekking. Dien toe teen die eerste generasie van die plaag. Begin toediening by 75% blomblaarval, met die aanvang van die eerste generasie van die mot. Dien toe as 'n spuitprogram en moet nie 14 dae spuitintervalle oorskry nie. • Moet nie 4 toedienings per seisoen oorskry nie, insluitende die wat gemaak is teen Afrika (Amerikaanse) bolwurm (sien hierbo). • Veiligheid teen bye: STEWARD® is veilig vir bye, maar moet nie direk op bye wat besig is om te voed, spuit nie. • Laat 28 dae toe tussen laaste toediening en oes. • Om die ontwikkeling van weerstand te voorkom, moet produkte met verskillende werkwyses op die ander twee kodlingmot generasies gebruik word.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
APPELS EN PERE: (vervolg) Gebande Vrugte Kalandar (Snuitekwer) Vrugskade <i>Phlyctinus callosus</i>	25g/100l water	Looftoediening <ul style="list-style-type: none"> • Dien toe as 'n volle dekbespuiting. Verseker deeglike bedekking van alle bogrondse dele. • Begin toediening by 75% blomblaarval, of wanneer die snuitkewers in die kanton lokvalle opgemerk word, of wanneer snuitkwer vreetkade op die laer lote opgemerk word. Herhaal toediening na 14 tot 21 dae indien infestasi�e volhard. • Moet nie meer as 2 STEWARD[®] toedienings per seisoen teen die plaag aanwend nie. Indien 'n derde toediening nodig mag wees gebruik 'n alternatiewe geregistreerde insekdoder. • Veiligheid teen bye: STEWARD[®] is veilig vir bye, maar moet nie direk op bye wat besig is om te voed, spuit nie. • Laat 28 dae toe tussen laaste toediening en oes. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limiet vereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.
TAFEL- EN WYNDRUIWE: Afrika (Amerikaanse) bolwurm (larwe) <i>Helicoverpa armigera</i>	15g/100l water	Looftoediening <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting teen 1000-1500l spuitmengsel per ha toe. • Dien voorkomend toe of sodra eiers of larwes teenwoordig is maar voor larwes die vrugte binnedring. 'n Opvolg toediening mag 10 tot 14 dae later nodig wees indien herinfestasi�e van die plaag voorkom. • Verseker deeglike bedekking. • Moet nie meer as 2 STEWARD[®] toedienings in totaal per seisoen op hierdie gewas toedien nie. Indien enige verdere beheer van die plaag nodig is, gebruik 'n middel met 'n ander werkingswyse. • Veiligheid teen bye: STEWARD[®] is veilig vir bye, maar moet nie direk op bye wat besig is om te voed, spuit nie. • Laat 14 en 28 dae toe tussen laaste toediening en oes van tafel- en wyn duiwe onderskeidelik. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limietvereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
TAFEL- EN WYNDRUIWE: (vervolg) Gebande Vrugte Kalander (Snuitekwer) Korrel skade <i>Phlyctinus callosus</i>	20g/100l water	Looftoediening <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbesbuiting toe en afhangend van die wingerd grootte teen 1000-1500l spuitmengsel per ha. • Verseker deeglike bedekking. • Begin toediening vanaf 25cm lootlengte, of wanneer die kewers die eerste keer opgemerk word in karton lokvalle, of wanneer die eerste voedingskade opgemerk word op die laer lote. Die tyd van eerste verskyning van kalanders (snuitekwers) varieer van gebied tot gebied, maar kan normaalweg vanaf middel Oktober tot middel November verwag word. 'n Tweede toediening mag 14 dae later nodig wees onder toestande van aanhoudende infestasië. • Moet nie meer as 2 STEWARD[®] toedienings per seisoen teen hierdie plaag toedien nie. Indien 'n derde toediening noodsaaklik is, maak gebruik van 'n ander geregistreerde insekdoder. • Laat 14 en 28 dae toe tussen laaste toediening en oes van tafel- en wyn druiwe onderskeidelik. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limiet vereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.
Blaarspringers <i>Acia & Mgenia spp.</i>	20g/100l water	Looftoediening <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting teen 1000-1500l spuitmengsel per ha toe. • Dien voorkomend toe sodra blaarspringers opgemerk word en hul getalle begin toeneem, gewoonlik aan die begin van Januarie. 'n Opvolg toediening mag 10 tot 14 dae later nodig wees indien herinfestasië van die plaag voorkom. 'n Derde bespuiting na oes word aanbeveel om blaarspringergetalle en oordraging van die siekte, 'Aster-Yellows', te verlaag. Indien 2 STEWARD[®] toedienings voor oes toegedien is, dien 'n geregistreerde plaagdoder wat nie aan STEWARD[®] verwant is nie, toe. • Verseker deeglike bedekking. • Moet nie meer as 2 STEWARD[®] toedienings in totaal per seisoen op hierdie gewas toedien nie. Indien enige verdere beheer van die plaag nodig is, gebruik 'n middel met 'n ander werkingswyse. • Veiligheid teen bye: STEWARD[®] is veilig vir bye, maar moet nie direk op bye wat besig is om te voed, spuit nie. • Laat 14 en 28 dae toe tussen laaste toediening en oes van tafel- en wyn druiwe onderskeidelik. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limietvereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
BLOUBESSIES EN FRAMBOSE Afrika (Amerikaanse) Bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i>	20g/100l water	<p>Looftoediening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting toe teen 500-1200l spuitmengsel per ha afhangende van die grootte van die struik en verseker deeglike en egalige bedekking van die loof. • Dien voorkomend toe sodra bolwurm eiers of klein larwes opgemerk word tydens gereelde verkenning van die gewas. 'n Opvolgtoediening 10-14 dae later mag nodig wees indien aanhoudende her-infestasië voorkom. Waar die vrugte van hierdie gewas bestem is vir die uitvoermark, dien STEWARD[®] slegs toe voor blom en na oes. Indien beheer van die plaag gedurende die vrugproduserende period benodig word, dien 'n ander geregistreerde plaagdoder toe. • Alhoewel STEWARD[®] larwes van alle ontwikkelingsstadia sal beheer, insluitende groot 5^{de} instar larwes, sal larwes wat deur digte loof afgeskerm word nie altyd doeltreffend beheer word nie. Dus is deeglike bedekking van die loof noodsaaklik. • Moet nie 2 STEWARD[®] toedienings per seisoen oorskry nie. Indien verdere toediening nodig is, gebruik 'n middel met 'n ander werkingswyse. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel bv. Trend[®] 90 tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Bloubessies en frambose kan 42 dae na toediening geoes word. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limietvereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.
Gebande Vrugte Kalandar (Snuitekwer) Blaarskade <i>Phlyctinus callosus</i>	20g/100l water	<p>Looftoediening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting toe en afhangende van die grootte van die struik teen 500-1200l spuitmengsel per ha en verseker deeglike en egalige bedekking van die loof.. • Dien voorkomend toe met eerste tekens van die kalandar of kalandervreetskade aan die loof. 'n Opvolgtoediening 10-14 dae later mag nodig wees indien infestasië volhou. Waar die vrugte van hierdie gewas bestem is vir die uitvoermark, dien STEWARD[®] slegs toe voor blom en na oes. Indien beheer van die plaag gedurende die vrugproduserende period benodig word, dien 'n ander geregistreerde plaagdoder toe. • Moet nie 2 STEWARD[®] toedienings per seisoen oorskry nie. Indien verdere toediening nodig is, gebruik 'n middel met 'n ander werkingswyse. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel bv. Trend[®] 90 tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Bloubessies en frambose kan 42 dae na toediening geoes word. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limietvereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>STEENVRUGTE: (Perskes, Nektariens & Pruime) Afrika (Amerikaanse) bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>15g/100l water</p>	<p>Looftoediening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting toe teen 500-2000l spuitmengsel per ha. Dien voorkomend toe of wanneer eiers of larwes teenwoordig is, maar voordat larwes vrugte penetreer. Opvolgtoedienings 10 tot 14 dae later mag nodig wees in geval van herinfestasië. • Verseker deeglike bedekking. • Moet nie 2 toedienings in totaal, per seisoen op gewasse oorskry nie. • Veiligheid teen bye: STEWARD® is veilig vir bye, maar moet nie direk op bye wat besig is om te voed spuit nie. • Laat 28 dae toe tussen laaste toediening en oes van perskes en nektariens en 56 dae tussen die laaste toediening en oes van pruime toe. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limiet vereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.
<p>STEENVRUGTE: (Perskes & Nektariens) Gebande Vrugte Kalander (Snuitkewer) Vrugskade <i>Phlyctinus callosus</i></p>	<p>20g/100l water</p>	<p>Looftoediening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting toe teen 500-2000l spuitmengsel per ha. Verseker deeglike bedekking van die hele boom. • Begin toediening vanaf 75% blomblaarval, of wanneer kewers in karton lokvalle opgemerk word, of wanneer die eerste vretskade op die laer lote opgemerk word. 'n Tweede toediening mag 14 tot 21 dae later noodsaaklik wees onder toestande van aanhoudende infestasië. • Moet nie meer as 2 STEWARD® toedienings in totaal per seisoen op die gewasse toedien nie. Gebruik 'n ander geregistreerde insekdoder indien 'n derde toediening nodig is. • Laat 28 dae toe tussen laaste toediening en oes. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limiet vereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>STEENVRUGTE: (Perskes & Nektariens) (vervolg) Oosterse Vrugtemot (larwes) <i>Grapholita (Cydia) molesta</i></p>	<p>20g/100l water</p>	<p>Looftoediening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien as 'n volle dekbespuiting toe teen 500-2000l spuitmengsel per ha. Moniteer die vangste van feromoonlokvalle en dien toe volgens die daggrade model. Bepaal die eerste "biofix" datum en dien die eerste bespuiting toe wanneer ongeveer 500° daggrade ge-akkumuleer het. Dien 'n tweede bespuiting toe wanneer 420-510° daggrade ge-akkumuleer het na die tweede "biofix" datum. Die toedieningtyd van die bespuitings moet versigtig bepaal en toegedien word voor pasuitgebroeide larwes in die lote of vrugte intonnel. • Verseker deeglike bedekking. • Moet nie meer as 2 STEWARD[®] toedienings in totaal per seisoen op hierdie gewas toedien nie. Indien enige verdere beheer van die plaag nodig is, gebruik 'n middel met 'n ander werkingswyse. • Laat 28 dae toe tussen laaste toediening en oes. • Nota: Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limiet vereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.
<p>KOOLGEWASSE: (kool, blomkool, Spruitkool ["broccoli"] en brusselse spruite)</p> <p>Ruitrugmot (larwes) <i>Plutella xylostella,</i></p> <p>Koolspinwurm (larwes) <i>Hellula undalis,</i></p> <p>Afrika (Amerikaanse) bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p> <p>en</p> <p>Wit koolskoelapper (larwes) <i>Pieris brassicae</i></p>	<p>125-150g/ha</p>	<p>VOORKOMENDE / KORREKTIWE LOOFTOEDIENING:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien toe in 300-600l water per hektaar, en verseker deeglike bedekking van die koppe waar die larwes voed. Maak gebruik van hol- of volkeël spuitpunte. • Gebruik die hoër dosis vir korrektiewe aanwending. Gebruik die laer dosis vir opvolgtoedienings in 'n gereelde spuitprogram. • RUITRUGMOT EN KOOLSPINWURM: Dit is noodsaaklik om toediening kort na uitplant te begin, voordat of wanneer die eerste eiers of larwes aanwesig is. Ruitrugmot en Koolspinwurm veroorsaak die meeste skade op 'n vroeë stadium van die gewas. Onder toestande van aanhoudende her-infestasië, gebruik in 'n 7 tot 10 dae spuitprogram, maar moet nie STEWARD[®] meer as 5 keer per seisoen toedien nie. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer plante aktief groei. • AFRIKA (AMERIKAANSE) BOLWURM EN KOOLSKOENLAPPER: Dien korrektyf toe wanneer nodig. • Die afwisseling van STEWARD[®] met middels met 'n verskillende wyse van werking word aanbeveel. Dien egter 2 tot 3 STEWARD[®] toedienings opeenvolgend toe (= blokbespuiting) alvorens daar na middels met ander werksywyses oorgeskakel word. Dit is belangrik om nie 5 toedienings per seisoen met STEWARD[®] te oorskry nie. • STEWARD[®] sal na kontak larwes van alle stadia van ontwikkeling beheer. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur STEWARD[®] toedienings benadeel word nie. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel bv. Trend[®] 90- / benattingsmiddel tot die spuitmengsel is noodsaaklik om bedekking te verbeter. • Koolgewasse kan 3 dae na toediening ge-oes word.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>PAMPOENGEWASSE: (pampoene, skorsies, waatlemoene, spanspek, “baby marrows”, “patty pans” en komkommers)</p> <p>Afrika (Amerikaanse) bolwurm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>125g/ha</p>	<p>VROEË KORREKTIEWE / VOORKOMENDE LOOFTOEDIENING:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien in 250-750l water per ha toe afhangend van die spesifieke pampoengewas spesie en gewasstadium. Verseker deeglike bedekking van die loof. • Dien voorkomend toe tydens blomstadium, of wanneer die eerste bolwurm eiers, of klein larwes opgemerk word tydens gereelde verkenning in die blom en vrugset stadums. Dit is belangrik om in ag te neem dat selfs geringe bolwurm vreeskade op die blomme van die pampoengewasse tot betekenisvolle opbrengs verliese kan lei. • 'n Opvolgtoediening mag 7 tot 10 dae later nodig wees indien die eerste toediening gemaak word tydens vroeë blomstadium, of onder toestande van herhaaldelike herinfestasië. • Alhoewel STEWARD® larwes van alle stadia van ontwikkeling sal beheer, insluitend groot 5^{de} instar larwes, mag larwes wat reeds die vrugte binnegedring het, of deur digte blaarbedekking beskerm word, nie voldoende beheer word nie. Dit is dus uiters belangrik om deeglike bedekking van die loof te verseker. • Moet nie 2 toedienings van STEWARD® per seisoen oorskrei nie. Die afwisseling van STEWARD® met middels met 'n verskillende wyse van werking word aanbeveel. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur STEWARD® toedienings benadeel word nie. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel bv. Trend® 90 / benattingsmiddel tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Laat 3 dae toe tussen laaste toediening en oes. • <u>Nota:</u> Die onthoudingsperiode, d.w.s. aantal dae tussen laaste toediening en oes, voldoen aan lokale maksimum residu limiet vereistes (MRL'e), maar mag nie aan alle buitelandse MRL'e voldoen nie.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
AARTAPPELS: Aartappelmot (larwes) <i>Phthorimaea</i> <i>operculella</i>	GROND- TOEDIENING: 125g/ha LUGTOEDIENING: 150g/ha	VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE LOOFTOEDIENING: <ul style="list-style-type: none"> • Grondtoediening: Dien toe in 500-1000l water per hektaar. Verseker deeglike bedekking van alle boggrondse dele. • Lugtoediening: Dien toe in minimum 30l water per hektaar. • Dien toe met die eerste teken van infestasië (myne) op die blare of wanneer die aartappelmotte waargeneem word. Die aanwesigheid van hierdie motte is gewoonlik 'n aanduiding dat 'n infestasië op hande is. • Die tyd van opvolgtoedienings behoort op grond van gereelde inspeksie van die betrokke aartappellande plaas te vind. • STEWARD® kan in 'n 8 tot 14 dae spuitprogram onder toestande van aanhoudende her-infestasië gebruik word. Gebruik die korter interval vroeg in die seisoen wanneer plante aktief groei. • Dit is noodsaaklik om nie 5 toedienings per seisoen met STEWARD® te oorskry nie. Die afwisseling van STEWARD® met middels met 'n verskillende wyse van werking word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings STEWARD® opeenvolgend toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word. • STEWARD® sal ook Afrika (Amerikaanse) bolwurm (<i>Helicoverpa armigera</i>) larwes beheer. Raadpleeg aanbevelings vir die korrektiewe beheer van Afrika (Amerikaanse) bolwurm hierbo (TAMATIES). • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur STEWARD® toedienings benadeel word nie. • Erd plantrye minstens twee keer per seisoen op. • Laat toedienings van STEWARD®, wanneer plante terugsterf, sal nie goeie beheer van aartappelmotlarwes gee nie. • Die byvoeging van 'n benattingsmiddel bv. H&R Crop Oil teen 500ml/ha, word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Aartappels kan enige tyd na toediening van STEWARD® ge-oes word.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>AARTAPPELS (vervolg): Aartappelbladmyner <i>Liriomyza huidobrensis</i></p> <p>Aartappelmot (bladmyner) (larwes) <i>Phthorimaea operculella</i></p>	<p>125g STEWARD® PLUS 500mℓ abamektien 18g/ℓ EC PLUS 500mℓ H&R Crop Oil per ha</p>	<p>VOORKOMENDE / VROEË KORREKTIEWE LOOFTOEDIENING:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vermeng die STEWARD® in 'n geskikte hoeveelheid water en voeg by die half gevulde spuittenk met water. • Vermeng die abamektien 18g/ℓ EC en H&R Crop Oil in ten minste 10ℓ water apart voordat dit by die res van die spuitmengsel in die spuittenk gegooi word. Verwys na abamektien 18 g/ℓ EC etiket vir volledige vermengings instruksies. • Dien toe in 400-600ℓ water per ha en verseker goeie bedekking van die loof. • Dien toe in 'n program wat begin by die eerste tekens van infestasië op die blare en herhaal teen 7 dae spuit intervalle. • Dit is belangrik om nie 5 toedienings per seisoen met STEWARD® te oorskry nie. Die afwisseling van STEWARD® met middels met 'n verskillende wyse van werking word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings STEWARD® opeenvolgend toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word. • STEWARD® sal ook Afrika (Amerikaanse) bolwurm larwes beheer. Raadpleeg aanbevelings vir die voorkomende / vroeë korrektiewe beheer van hierdie plaag met STEWARD® hierbo onder TAMATIES. • Aartappels kan 14 dae na die toediening van STEWARD® PLUS abamectin 18g/ℓ EC tenk mengsel geroes word.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
TABAK: Aartappelmot (tabakbladmyner) <i>Phthorimaea</i> <i>operculella</i>	35g/100l water (87,5-105g/ha) + 'n benatter	<p>LANDBEHANDELING: Na uitplant in die land tydens die vestigingsfase van tabak.</p> <p>Looftoediening</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien 200-300l spuitmengsel per ha toe. • Volg altyd 'n voorkomende spuitprogram. • Dien elke 7 tot 10 dae toe. • Die eerste toediening moet binne 2 tot 3 dae na uitplant plaasvind. Gebruik die korter spuitinterval onder hoë besmettingsdruk. • Dien die eerste en tweede dekspuiting as gerigte strook toedienings bo-oor die plante toe. Maak seker dat die plante volledig benat word - veral die onderste derde van die plant waar die tabakbladmyner die plante gewoonlik aanval. • Vir die derde en vierde toediening word dit aanbeveel dat die plante met 'n spuitbalk met valarms van albei kante af behandel word. Verhoog die spuit volume soos die plante groter word. Verseker deeglike benatting van die hele plantoppervlakte. • Dit is belangrik om nie 4 toedienings per seisoen met STEWARD[®] te oorskry nie. Die afwisseling van STEWARD[®] met middels met 'n verskillende wyse van werking word aanbeveel. Dien 2 tot 3 toedienings STEWARD[®] opeenvolgend toe (= blok bespuiting) voordat daar na middels met ander werkingsmeganismes oorgegaan word. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur STEWARD[®] toedienings benadeel word nie. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel bv. Trend[®] 90 tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Tabak kan 42 dae na laaste toediening ge-oes word.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
<p>ERTE: (Groenerte, insluitend Var. "Mange Tout")</p> <p>Afrika (Amerikaanse) bolworm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>GROND- TOEDIENING: 125g/ha</p> <p>LUGTOEDIENING 150g/ha</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Grondtoediening: Dien as 'n looftoediening teen 250-350l spuitmengsel per ha toe en verseker deeglike egalige bedekking van die loof. • Lugtoediening: Dien toe in minimum 30l water per hektaar. • Dien toe gedurende blom of wanneer die eerste bolwurm eiers of jong larfies deur gereelde verkenning tydens blom en vrugset opgemerk word. • 'n Opvolgtoediening 7 tot 10 dae later is normaalweg nodig, indien die eerste toediening tydens die vroeë blomstadium gemaak is of onder toestande van aanhoudende her-infestasië. • Alhoewel STEWARD[®] larwes van alle ontwikkelingsstadia sal beheer, insluitende groot 5^{de} instar larwes, sal larwes wat reeds die peule gepenetreer het of deur digte loof afgeskerm word nie altyd doeltreffend beheer word nie. Dit is om die rede belangrik om 'n deeglike bedekking van alle bogrondse plantdele te verseker. • Moet nie 2 toedienings STEWARD[®] per seisoen oorskry nie. Indien 'n derde toediening nodig is, gebruik 'n middel met 'n verskillende werkingswyse. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur STEWARD[®] toedienings benadeel word nie. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel bv. Trend[®] 90 tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Erte kan 7 dae na toediening ge-oes word.
<p>GROENBONE: Afrika (Amerikaanse) bolworm (larwes) <i>Helicoverpa armigera</i></p>	<p>125g/ha</p>	<p>KORREKTIWE / VOORKOMENDE LOOFTOEDIENING:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Dien toe in 250-350l water per ha en verseker deeglike egalige bedekking van die loof. • Dien voorkomend toe gedurende blom of wanneer die eerste bolwurm eiers of jong larfies deur gereelde verkenning tydens blom en vrugset opgemerk word. • 'n Opvolgtoediening 7 tot 10 dae later is normaalweg nodig, indien die eerste toediening tydens die vroeë blomstadium gemaak is, of onder toestande van aanhoudende her-infestasië. • Alhoewel STEWARD[®] larwes van alle ontwikkelingsstadia sal beheer, insluitende groot 5^{de} instar larwes, sal larwes wat reeds die peule gepenetreer het of deur digte loof afgeskerm word nie altyd doeltreffend beheer word nie. Dit is om die rede belangrik om 'n deeglike bedekking van alle bogrondse plantdele te verseker. • Moet nie 2 toedienings STEWARD[®] per seisoen oorskry nie. Indien 'n derde toediening nodig is, gebruik 'n middel met 'n verskillende werkingswyse. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur STEWARD[®] toedienings benadeel word nie. • Die byvoeging van 'n nie-ioniese byvoegmiddel bv. Trend[®] 90 tot die spuitmengsel word aanbeveel om bedekking te verbeter. • Groenbone kan 3 dae na toediening ge-oes word.

GEWAS/PLAAG	TOEDIENINGS HOEVEELHEID	AANBEVELINGS/OPMERKINGS
SITRUS: Slegs nie draende bome Lemoenvlinder “Orange dog” (larwes) <i>Papillio demodocus</i>	12,5g/100l water	<ul style="list-style-type: none"> • Dien 'n ligte dekbespuiting toe wanneer die eerste tekens van die plaag (larwes) opgemerk word. STEWARD® kan ook korrekatief op 'n bestaande infestasië toegedien word. • 'n Opvolgtoediening 10 tot 14 dae later mag nodig wees indien 'n her-infestasië voorkom. • STEWARD® sal larwes van alle stadia van ontwikkeling beheer. • Die meeste voordelige insekte en roofmyte sal nie deur STEWARD® benadeel word nie. • Gebruik slegs op nie draende bome.

ERKENNING VAN HANDELSMERKE EN REGISTRASIES:

- Die handelsmerk AGRIMEC is die eiendom van 'n Syngenta Groep Maatskappy.
- H&R CROP OIL is 'n geregistreerde produk van H&R Global Specialist Product Sales (Pty) Ltd.
- VILMECTIN 18 EC is 'n geregistreerde produk van Villa Crop Protection (Pty) Ltd.
- UNIMECTIN 18 EC is 'n geregistreerde produk van Universal Crop Protection (Pty) Ltd.
- DICHLORVOS is 'n geregistreerde produk van Universal Crop Protection (Pty) Ltd.
- NOGOS is 'n geregistreerde produk van Villa Crop Protection (Pty) Ltd.